# St. Lawrence O'Toole

## 14 November




(1128-1180)

Hy was 'n Augustynse monnik wat in 1162 aartsbiskop van Dublin in Ierland geword het. Toe die Engelse Ierland binneval het hy gegaan om met hulle te onderhandel. In 1172 roep hy 'n sinode byeen by Cashel en in 1179 woon hy die Derde Lateraanse Kerk Konsilie in Rome by. Hy word benoem tot pouslike legaat vir Ierland en sterf in 1180 in Normandië waar hy op 'n sending vir koning Hendrik II van Engeland was. Hy is in 1225 deur pous Honorius III heilig verklaar.

© Die Oratorium Uitgewery